



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PUNTE	
-------	--

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2013 GRAAD 5 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL TOETS

PUNTE: 60

TYD: 1½ uur

PROVINSIE _____

STREEK _____

DISTRIK _____

NAAM VAN SKOOL _____

OBIS-NOMMER (9 syfers)

--	--	--	--	--	--	--	--	--

KLAS (bv. 5A) _____

VAN _____

NAAM _____

GESLAG (✓)

SEUN	
------	--

DOGTER	
--------	--

GEBOORTEDATUM

C	C	Y	Y	M	M	D	D
---	---	---	---	---	---	---	---

Hierdie toets bestaan uit 11 bladsye, die voorblad uitgesluit.

Instruksies aan die leerder

1. Lees al die instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word.
3. Die onderwyser sal jou deur die oefenvoorbeeld lei voordat jy met die toets begin.
4. Die duur van die toets is 1½ uur.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Oefenvoorbeeld

Omkring die letter van die korrekte antwoord.

1. In watter graad is jy hierdie jaar?

- A Drie
- B Vier
- C Vyf
- D Ses

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy C omkring het.

Die toets begin op die volgende bladsy.

AFDELING A: LEESBEGRIP

Lees die storie hieronder en beantwoord vraag 1-8.



Eenmaal, op 'n koue wintersnag, het 'n jakkals 'n dorpie ingeloop, op soek na kos. Die jakkals was baie honger, want daar was nie meer kos in die woud oor nie.

"Miskien", sê die jakkals vir homself, "sal ek iets in die dorpie vind om te eet."

Gou het hy so geraas dat die dorpie se honde hom gehoor het. Hierdie honde het nie van jakkalse gehou nie. Hulle het begin blaf en die jakkals aangeval. Hulle het die jakkals met hulle groot tande gebyt. Verskrik, het die arme jakkals so vinnig as wat hy kon, vir die honde weggehardloop, maar die honde het nie moed opgegee nie – hulle het agter hom aangehardloop en selfs harder geblaf. Die jakkals het nie geweet wat om te doen nie. Skielik het hy die muur van 'n erf voor hom gesien. Hy het onmiddellik oor die muur gespring en reg binne-in 'n groot pot blou kleursel beland. Dit is daar gelaat deur iemand wat die volgende oggend iets wou kleur. Die jakkals se pels was nou helderblou.

Intussen kon die honde die jakkals nie meer sien of ruik nie. Hulle het besluit om naby die muur van die erf te wag net ingeval die jakkals weer verskyn. Maar in plaas van die jakkals, het 'n vreemde, blou kreatuur by die hek uitgeloopt gekom. Die honde was bang. Die jakkals was baie verbaas toe die honde uit vrees vir hom weggehardloop.

[Aangepaste weergawe soos vertel uit die: *Panchatantram*, deur Rohini Chowdhury]

1. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat is die beste titel vir die storie?

A Die Gelukkige Dorpie

B Die Blou Jakkals

C Die Warm Nag

D Die Slaperige Verwer

(1)

2. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Hoekom het die jakkals een koue wintersnag in die dorpie ingeloop?

A Die jakkals het verdwaal.

B Die jakkals was slim.

C Die jakkals was honger.

D Die jakkals het koud gekry.

(1)

3. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Waar het die storie plaasgevind?

A Op 'n berg

B In 'n dorpie

C In 'n vallei

D By 'n rivier

(1)

4. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Hoekom het die honde die jakkals gejaag?

A Dit was pret om die jakkals te jaag.

B Die verwer het gesê hulle moet dit doen.

C Die jakkals het die honde mislei.

D Hulle het nie van die jakkals gehou nie. (1)

5. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

"Maar die honde het nie moed opgegee nie," beteken dat die honde ...

A nie aangegaan het met die jaagtog nie.

B aangehou het om die jakkals te jaag.

C moeg geword het.

D kwaad geword het. (1)

6. Voltooi die volgende sin:

Die honde kon die jakkals nie meer sien nie omdat _____

_____ (1)

7. Maak 'n regmerk (✓) by die antwoord wat jy dink is korrek.

7.1 Die honde was bang vir die jakkals.

Waar	Onwaar
------	--------

(1)

7.2 Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____ (1)

8. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat leer die storie ons?

A Honde en jakkalse is nie vriende nie.

B Blou jakkalse is baie slim.

C Honde sal jakkalse vreet as hulle dit vang.

D Die jakkals was nie so slim soos die honde nie.

(1)

9. Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

My Famlie

deur Lill Pluta

My broer is 'n bruin draak. 1

My ma is 'n teddiebeer. 2

Ek is 'n klein, wollerige skaaphond 3

met 'n ton gekoekte hare. 4

My pa is 'n aap met snare. 5

Hy hou daarvan om ons te laat lag, 6

veral my sussie, 7

wat 'n lang kameelperd is. 8

Ons is 'n besige familie 9

met baie goed om te doen. 10

Ons huis is altyd gelukkig, 11

maar soms is dit 'n dieretuin. 12

9.1 Watter woord in reël 11 het dieselfde betekenis as, "bly"?

(1)

9.2 Wie word in hierdie gedig met 'n kameelperd vergelyk?

(1)

9.3 Skryf **twee** rymwoorde uit reël 4 en 5 uit die gedig neer. (2)

9.4 Lees reël 1 van die gedig. Skryf **twee** woorde neer wat met dieselfde klank begin. (2)

9.5 Waaroor gaan die gedig? Skryf jou antwoord in 'n volsin neer. (2)

10. Lees die paragraaf hieronder en voltooi dan die opsomming wat volg.

Vorbereiding van 'n Groentetuin

Die eerste ding wat jy behoort te doen as jy jou groentetuin begin, is om te oorweeg waar jy dit wil aanlê. As jy die plek gekies het, spit die grond om, ongeveer die diepte van jou tuinvurk.

Nadat jy die grond omgespit het, voeg mis by sodat die grond vrugbaar word. Ten slotte, voeg 'n kunsmis by. Deur bogenoemde stappe te volg, sal jy in staat wees om jou eie groente te kweek.

Som op hoe om 'n groentetuin voor te berei deur die stappe hieronder te voltooi.

Stap 1: Eerstens, vind 'n plek waar jy jou groentetuin wil aanlê.

10.1 Stap 2: Volgende

10.2 Stap 3: Dan, _____

10.3 Stap 4: Ten slotte,

Stap 5: Nou sal jy gereed wees om jou groente aan te plant. (3)

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B: TAALSTRUKTURE

11. Vul die korrekte voorsetsels in die onderstaande spasies in. Kies die voorsetsels uit die gegewe lys.

na	met	vir	in
----	-----	-----	----

Die honde het die jakkals gejaag. Die jakkals het vinnig gehardloop en
11.1 _____ 'n pot kleursel gespring. Die jakkals praat 11.2 _____
homself. Die jakkals het 11.3 _____ die honde weggehardloop. Een
dapper man het 'n klip 11.4 _____ die honde gegooi, maar die honde het
net aangehou blaf. (4)

12. Kies die woord wat korrek gespel is tussen hakies en vul dit in die oop spasie in.

(persent/present)

Ek kry 'n hondjie as 'n _____. (1)

13. Skryf die sinne in die teenwoordige tyd oor deur die onderstreepte woorde te verander.

13.1 Die hond het die jakkals gejaag.

_____ (1)

13.2 Die verwer het in 'n groot huis gewoon.

_____ (1)

13.3 Die jakkals het in die kleursel geval.

_____ (1)

14. Skryf die sinne in die verlede tyd oor deur die onderstreepte werkwoord na die verlede tyd woord te verander.

14.1 Die diere in die bos het hard huil toe die jakkals verskyn het.

_____ (1)

14.2 Die verwer het sien dat die honde die jakkals gejaag het.

_____ (1)

14.3 Dit is saans stil in die dorpie.

_____ (1)

15. Verander die woord 'gelukkig' deur 'n voorvoegsel uit die lys by te voeg.

in	on	ver	na
----	----	-----	----

Hy was "gelukkig" nadat hy die rooi en blou kleursel gemeng het.

_____ (1)

16. Skryf die sinoniem (die woord met dieselfde betekenis) van die woord tussen hakies.

Die jakkals het (haastig) oor die muur gespring.

_____ (1)

17. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Die mense van die dorpie het ... as die diere gesing.

A die hardste

B meer hard

C hardste

D harder

(1)

18. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Dit was die ... nag van die winter.

A meer koud

B mees koud

C koudste

D kouer

(1)

19. Skryf die onderstaande sin oor in die spasie en gebruik die korrekte puntuasie.

jerry het vir dlamini gesê om kool aartappels wortels en groenbone te koop

(6)

20. Skryf die ontkennde vorm van die sinne hieronder.

20.1 Die boer verkoop verskillende groentesoorte.

(2)

20.2 Mev. Ntoyi het 'n sak kunsmis vir haar tuin gekoop.

(2)

TOTAAL AFDELING B:

25

Puntetoekenning vir vraag 21			
Vraag	Kriteria	Maksimum punt	Leerder se punt
21.1	Formaat	5	
21.2	Taal, Spelling en Punktuasie	5	
23.3	Inhoud	5	
TOTAAL		15	